Volksblad Saterdag 1 September 2012

# Vrede vir gees én liggaam

## Nagmaaldiens bring hoop aan haweloses

Vicus Bürger

DIE Here help die mense op die straat kwaai – nie net met kos nie, maar soms kry 'n *hobo* darem 'n rookding ook.

Hulle sê God het nie van hulle vergeet nie.

Een van die haweloses lig sy bruingebrande kop op en glimlag.

"Johan Mostert," stel hy homself by die Tweetoringkerk in Bloemfontein se middestad voor.

Hy is 60 jaar oud en nou al sowat twee jaar op straat.

Hy het vroër 'n onderneming bedryf op Springs, Gauteng, wat volvloermatte en gordyne in huise gesit het. Die onderneming se deure is gesluit nadat Johan se vrou hulle glo in die moeilikheid by die belastinggaarder laat beland het.

Hy het alles verloor, sy vrou ook, en woon nou op Bloemfontein se strate.

Johan is nie 'n Christen nie. "Ek is 'n gelowige. Daar is 'n verskil . . . 'n Christen loop met 'n Bybel onder die arm."

Johan verklaar trots: "Ek glo in God, die Seun en Heilige Gees."

Hy verkoop nou blommehouers wat hy van palmtakke maak. Dit word versier met blommetjies wat ook uit die takke gevleg word.

Dis mooi. Johan verkoop dit teen R20 elk.

Volgens hom sorg die Here nog elke dag vir hom.

"Hy gee my inspirasie. Hy help my om dit (sy palmtakskeppings) te verkoop sodat ek kos kan kry . . . en sigarette."

Johan besef skielik hy moes nie van die rookgoed gepraat het nie.

"Dit is sonde . . .," sê hy haastig.

Ek vra hom reguit hoekom boemelaars so baie drink.

"As jy jou kop (saans) neerlê, weet jy nie wat gaan gebeur nie. Jy drink om jou liggaam te kalmeer."

Johan en ander boemelaars en armes in vuil klere gebruik Nagmaal binne die Tweetoringkerk.

Die lywe staan in 'n kring en halwe brode word met skurwe hande rondgestuur.

Elkeen breek 'n stuk af, nie groot stukke nie, en drink dan 'n kelkie druiwesap – die liggaam en bloed van Jesus Christus wat vir almal se sondes gesterf het.

Een van die boodskappe teen die kerk se muur is: God is liefde.

Ná die Nagmaaldiens word die kerk vinnig leeg.

In die kerksaal is 'n klompie vrywilligers wat borde kos uitdeel.

"Vredenheid vir die gees én liggaam," sê Johan oor die Nagmaal en kos wat uitgedeel word.


Later groet hy: "Sterkte vir jou."

■ Dié Nagmaaldiens word op Woensdae omstreeks 17:30 in die Tweetoringkerk gehou en is deel van die Torings van Hoop-stigting se projekte.

Dié stigting reik uit na haweloses kinders en volwassenes in Bloemfontein.


Ds. De La Harpe le Roux, wat aan die stuur van Torings van Hoop is, sê die haweloses het 'n "godgegewe menswaardigheid" ondanks wat ander van hulle sê.

Enigiemand wat tot die stigting wil bydra, kan Le Roux by 083-232-1051 en 051-430-4274 bel, of 'n e-pos na dlh@towersofhope.org stuur.



### Skenkings

Die behoefte onder armes word al hoe groter en so word die lys van benodigdhede van hulporganisasies al hoe langer. Torings van Hoop het dringend nie-bederfbare kos en basiese toiletgoed nodig. Die lys van benodigdhede is pasta, pakkies suiker en mieliemeel van 1 kg elk of groter sakke, koffie, blikkieskos, aanmaakkoeldrank, pakkies soppoeier, tee, Weetbix, melkpoeier, badseep, klein pakkies seeppoeier en weggooiskeermesse. Mense wat wil help, kan bedags hul skenkings by die Tweetoringkerk afgee. Indien jy wil help, maar nie self jou skenking kan gaan aflewer nie, kan jy 'n SMS stuur na 074-119-6578.





**'n Nagmaaldiens vir onder meer haweloses en armes wor in die Tweetoringkerk in Bloem fontein gehou.**
Foto's: CHARL DEVENISH



**Jesus Christus se liggaam. Ds. De La Harpe le Roux breek brood ten tyde van 'n Nagmaaldiens wat vir onder meer haweloses en armes in die Tweetoringkerk in Bloemfontein gehou is.**

## Sit hand by

Môre, op die eerste Sondag van Lente, Maak Torings van Hoop weer saam met vrywilligers die spruit (kanaal) in die middestad skoon. Ds. De La Harpe le Roux sê die gereelde skoonmaak van die spruit is om iets te doen teen die verwaarlosing en verval in dié gebied. "Dit is ook om publieke getuienis af te lê dat die stad aan God behoort en ons as Sy mense nie bang is om ons hande vuil te maak nie." Mense wat wil help, kan hulle môre om 14:00 by die Tweetoringkerk aanmeld met vullissakke, handskoene, grawe en harke.